



# BULLDOGSEAL WATERDIGTING

## GEBRUIKSAANWYSINGS:

- Meng BULLDOGSEAL goed voor gebruik
- Moenie aanwend as dit na reën lyk nie.
- Vermoed Temperatuur uiterstes. Wend aan wanneer dit koel is, verbruik sal minder wees en die produk sal beter heg.

### 1. Sink, Asbes en Teëldakke.

- 1.1. Verwyder ou waterdigting
- 1.2. Skuur skoon met draadborsel.
- 1.3. Tik dakskroewe liggies met hamer vas. Los skroewe moet verkieslik met langer indraaiskroewe vervang word. Sinkplate wat ontstaan moet met "posidrive" skroewe vasgetrek word.
- 1.4. Vir ongeverfde asbes moet die BULLDOGSEAL 1:1 met water verdun word en as grondlaag aangewend word.
- 1.5. Gebruik 50mm kwas en wend BULLDOGSEAL dik aan oor alle voegskorte (flashings), skroefkoppe, lasse tussen plate, noklasse, rondom skoorstene en pype en lasse in geute kan ook verseël word. Op teëldakke, seël tussen nokteëls en herstel gebreekte teëls deur BULLDOGSEAL as kleefstof te gebruik. Die beraamde verbruik is ongeveer 15 liter per 100 m<sup>2</sup> dak area.
- 1.6. As alternatief kan die hele dak area met BULLDOGSEAL bedek word. BULLDOGSEAL in wit en ligte kleure bied die voordeel dat dit aansienlike temperatuur verlagings bied en dat dit diefstal deur dakke bemoeilik. Die beraamde verbruik is 2 x 20 liter per 100 m<sup>2</sup> dak area.

## **2. Betondakke.**

- 2.1. Verwyder ou waterdigting.
- 2.2. Skuur skoon met draadborsel. Was stof af met besem en skoon water
- 2.3. Verdun BULLDOGSEAL 1:1 met water en wend aan as grondlaag.  
Laat 1 uur droog tyd toe.
- 2.4. Verf 2 lae BULLDOGSEAL aan met kwas of sagte besem. Verf eerste laag in een rigting en tweede laag oorkruis.
- 2.5. Tussen dak en borsweringsmuur verf sodanig aan dat dit 'n skuinste vorm.  
Verf bo-op borsweringsmuur en verkieslik teen die binnekant van die borsweringsmuur tot by die dak.
- 2.6. Verf BULLDOGSEAL in uitlate, om pype en lugrade, ens. Die beraamde verbruik is 10 x 20 liter per 100 m<sup>2</sup> dak area.

## **3. Muurkrake.**

- 3.1. Skuur skoon met draadborsel
- 3.2. Verwyder stof met kwas en skoon borsel.
- 3.3. Verf BULLDOGSEAL oor klein krakies (< 2mm) en maak onmiddellik glad met plat skraper.
- 3.4. Meng BULLDOGSEAL met fyn pleistersand tot dik pasta en seël groter krake (>2mm) met die mengsel. Laat 2 uur droogtyd toe en verf met gewone BULLDOGSEAL.

## **4. Pleistermure met fyn krakies en betonboublokke.**

- 4.1. Skuur los verf af met draadborsel en spuit stof af met skoon water.
- 4.2. Op rou mure, wend BULLDOGSEAL gemeng met water aan as grondlaag.  
Die verhouding is 1:1
- 4.3. Wend 1 of 2 lae BULLDOGSEAL aan na gelang van die probleem.  
Kleure is beskikbaar of dit kan oorgeverf word met gewone waterbasis verwe.

**NOTA:** Groot krake moet eers herstel word soos uiteengesit in 3.4.

## 5. Damme, krippe en visdamme.

- 5.1. Dieselfde prosedure word gevolg soos in die geval van betondakke (verwys 2).
- 5.2. Voor aanwending van BULLDOGSEAL maak seker dat geen water vanaf die bodem deursyfer nie.
- 5.3. Verseël alle krake eers soos uiteengesit in 3.4.
- 5.4. Voor gevul word met water, laat ten minste 3 dae droogtyd toe. Skuim sal vorm met eerste water. Dreineer en hervul. Vir visdamme spoel tot die skuim heelwat verminder het.

---

**Verpakking:** 1 liter, 5 liter, 20 liter.

**Kleure:** Wit, Grys en Charcoal (Standaard)

Terracotta, Groen en Swart is beskikbaar op aanvraag. 'n Minimum bestelling mag in hierdie geval van toepassing wees.

**Navrae:** Rig asseblief alle navrae aan Urban Tribes, die tuiste van BULLDOGSEAL.

Tel. 021 790 0493 of 082 896 1037 | Epos. [info@urbantribes.co.za](mailto:info@urbantribes.co.za) | [www.bulldogseal.co.za](http://www.bulldogseal.co.za)

---

## FISIESE EIENSKAPPE VAN BULLDOGSEAL:

<b>Voorkoms:</b>	Fyn tekstuur, dik mengsel
<b>Kleur:</b>	Wye reeks kleure beskikbaar
<b>Soortlike gewig:</b>	1:2
<b>Vingerdruk droogtyd:</b>	30 minute teen 25°C (1mm dikte)
<b>Droogtyd (1mm dik):</b>	2 ure teen 25°C (1mm dikte) Soos temperatuur daal so neem droogtyd toe.
<b>Oorverftyd:</b>	Mag oorgeverf word na ten minste 2 uur met BULLDOGSEAL of gewone waterbasis verwe.
<b>Vlambaarheid:</b>	Die produk het 'n waterbasis en is dus nie vlambaar nie.
<b>Oplosmiddel:</b>	Gebruik onverdun, behalwe as grondlaag. Verdun 1:1 met water vir grondlaag.
<b>Dekvermoë:</b>	1 liter per m <sup>2</sup> per 1mm dikte.
<b>Soliede inhoud:</b>	60%
<b>Buigsaamheid:</b>	Bly buigsaam teen temperatuur uiterstes.
<b>Weerbestandheid:</b>	Uitstekend
<b>Waterbestandheid:</b>	Uitstekend.
<b>Chemiese weerstand:</b>	Goed tot uitstekend